

Sing vooraf staande: Psalm 4:1, 2, 4 (p. 14)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?
- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.
- 4 U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede / en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede, / U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes/nuwe lewe/versoening met:

Wet

Psalm 40:4

Gebed

Psalm 86:8 (p. 433)

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Skriflesing: Deuteronomium 10

Teks: Deuteronomium 10:12

**En nou Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou
God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou
God te dien met jou hele hart en met jou hele siel ...**

(Deuteronomium 10:12 AFR53)

Weer genade! Want by God is daar altyd genade. Hy vergewe die sondaar elke keer
wanneer hy met berou na Hom toe gaan.

In hierdie gedeelte vind ons die volgende:

- 1. 'n Waarskuwende voorbeeld uit die Ou Testament**
- 2. Ook die grotes het geval**
- 3. Vrees die Here**

1. 'n Waarskuwende voorbeeld uit die Ou Testament

Hierdie geskiedenis speel af toe Moses die tweede keer kliptafels gemaak het op die Here se bevel, sodat die Here die Tien Gebooie daarop kon skryf.

- Moses skryf hier dat hy weer, soos die vorige keer, veertig dae en nagte op die berg gestaan het. Dis 'n geweldige lang tyd.
- Al hierdie tyd het Moses as middelaar gebid en die Here gesmeek vir genade vir sy volk.
- Die HERE het Moses se gebed verhoor, want Hy wou nie sy volk in die verderf stort nie.

Daarna kom Moses terug in die laer, en dan kom die oproep dat die volk die Here moet dien met hulle hele hart en hulle hele siel.

- As mens dit lees, dan wonder jy: Het die volk dan nie die Here gedien nie?
- Hulle is dan sy volk, hoe kan dit anders as dat hulle die Here dien?
- Waarom staan daar dat die Here Moses "ook die keer" verhoor het?
- Was daar dan al vantevore 'n geval waar Moses gaan pleit het vir die behoud van die volk?

Hierdie volk was 'n baie harde en wederstrewige volk. Kort-kort was hulle opstandig teen die Here.

- Ons lees in Deuteronomium 1:34vv. dat hulle opstandig was oor die pad waarop die Here hulle wou laat gaan.
- Hulle het blykbaar lelike woorde kwytgeraak teen die HERE, want daar staan geskryf:

En toe die HERE die stem van julle woorde hoor, het Hy toornig geword en gesweer en gesê: Waarlik, geeneen van hierdie manne, hierdie verkeerde geslag, sal die goeie land sien wat Ek met 'n eed beloop het om julle vaders te gee nie. (Deuteronomium 4:34 AFR53)

Let op dat die Here nie hierdie keer gedreig het om die volk te verdag nie, maar die straf is tog geweldig.

- Die mans gaan sterf: Hulle sal nie na die beloofde land toe gaan nie.
- Dit beteken ook dat hulle nie die vrug van hulle trektoeg sal sien nie – hulle hele toeg en al hulle moeite en selfs lyding was dus menslik tevergeefs.

Kyk net na die volk se houding en optrede tydens die trek.

- Die volk het aanhoudend gekerm oor water en vleis.
- Die Here het toe aan hulle kwartels en manna gegee, en telkens is daar op verskillende maniere water voorsien.
- Eenkeer het Moses in sy gebed tot God genoem dat die toestand so kritiek is dat dit min skeel of die volk gaan hom stenig.

Die volk se onredelike opstandigheid het tot gevolg gehad dat Moses by die Here in onguns geraak het omdat hy (Moses) uit verergdheid die rots gaan slaan het pleks daarvan dat hy daarmee gaan praat het.

- As gevolg daarvan is Moses ook verbied om in die beloofde land in te gaan.
- Ons lees Moses se verwyt hieroor in hoofstuk 1:37:

Ook was die HERE toornig op my om julle ontwil, sodat Hy gesê het: Jy sal daar ook nie inkom nie. (Deuteronomium 1:37 AFR53)

2. Ook die grotes het geval

As ons nader kom na die tyd waarvan ons saamgelees het, dan moet ons dink aan die eerste keer toe die Here die Tien Gebooie aan die volk gegee het – dis eintlik waarna Moses hier verwys.

- Moses was toe te lank na die volk se sin op die berg.
- Toe het hulle onder mekaar besluit dat Moses waarskynlik dood is, en dat hulle self 'n godsdienstkultus sal instel.
- Toe stel hulle die Egiptenare se godsdienste onder hulle in!

Onder die leiding van Aäron het hulle toe hulle goue ooringe en vingerringe afgehaal en vir Aäron gebring. Dit het hulle gesmelt en daaruit het Aäron toe vir hulle 'n goue kalf gemaak.

Ons lees in Exodus 32:4 dat die volk vir die goue kalf gesê het dat dit nou hulle god is wat hulle uit Egipteland laat optrek het.

- Ons lees in die volgende vers dat Aäron dit gesien het, en dat hy 'n altaar daarvoor gebou het.
- Die volgende dag het die volk 'n fees gehou rondom hierdie goue kalf.

Hieruit lei ons af dat die volk soort van verplig gevoel het om die Here te dien net as Moses naby is.

- Maar hulle het nie die Here spontaan en uit ware geloof aanbid nie.
- Daarom gryp hulle die eerste geleentheid aan om van die Here af weg te breek en weer in die uitsiglose heidendom te verval.

Dit het die Here glad nie aangestaan nie.

- Die Here het Moses haastig na hulle toe teruggestuur.
- Toe sê die Here (v. 10):

Laat My dan nou begaan, dat My toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. Dan sal Ek jou 'n groot nasie maak. (Exodus 32:10 AFR53)

Hier wou die Here nie net die mans verbied om in die beloofde land in te gaan terwyl hulle kinders nog kon voortgaan, soos by die ander geleentheid nie.

- Die HERE wou hulle almal vernietig.
- Die HERE wou groot en klein verdelg sodat daar niemand oorbly nie.
- Dan wou die HERE Moses en sy nageslag 'n groot nasie maak.

Toe het Moses die Here so roerend gesmeek om tog asseblief nie die volk te vernietig nie.

- Hy het in sy gebed genoem dat die Egiptenare hulle daarin sal verheug as hulle moet uitvind dat die Here hierdie volk net gaan haal het om hulle op die woestyn se warm sand te laat sterf.

Kyk net na die houding van die volk.

- Geen mens sal oortuig word dat mense wat maak soos hulle maak, die Here waarlik van harte dien nie.
- Hulle gesindheid het ver tekort geskiet.
- Hulle onderwerp hulle net nie sonder klagtes en teëstand aan die Here en sy eise nie – hulle lewe in elk geval nie regtig in die weë van die Here nie, want hulle leef van die een sonde na die ander sonde toe.
- Dis ook waarom hulle voortdurend so kwaai gestraf is.

Kom ons stel die dinge in die woorde van ons teks: Hulle het God nie gedien met hulle hele hart en hulle hele siel nie.

- Daar was te veel ander dinge wat telkens vir hulle belangriker was.
- Hulle hart en siel was by hulle eie belange.
- Dit beteken noodwendig dat die ware liefde vir God ontbreek het.

Daarom moes Moses gaan bid.

3. Vrees die Here

Ook dié keer verhoor die HERE Moses se gebed.

- God gee genade, maar Hy stel sy eis teenoor hierdie volk van Hom baie duidelik: Hulle moet opnuut die HERE vrees en liefhê.
- Die woorde *vrees* en *liefhê* staan hier langs mekaar, en dit is baie belangrik.
 - Daarmee wil die Skrywer juis beweer dat die Israeliete nie sommer 'n goue kalf sou bou as hulle die HERE bly vrees het nie.

Kyk net na al die genade vir ons. Dit klink na 'n oordeelspreek, maar dit is presies wat dit nie is nie.

- Ons lees al die dinge wat hier gebeur het weer 'n keer in die Hebreërbrief.
- Daar sê die Here dat ons moet onthou dat hierdie dinge opgeteken is as voorbeelde vir ons sodat ons kan leer wat ons nie moet doen nie, en waarom ons dit nie moet doen nie.

'n Heilige vrees en respek vir die Almagtige sal juis veroorsaak dat die gelowiges se liefde vir die Here warm bly.

- Vrees en liefde vir die Here bewerk ook nederigheid en onderhorigheid by die mens.
- Dit kom uit daarin dat die gelowige 'n lus en liefde beleef om die Here se geboorte te onderhou.
- Onthou dat dit nou hier juis gaan oor die tyd en gebeurtenisse rondom die ontvang van die Tien Geboorte.

Die Here stel die manier waarop Hy deur die mens gedien wil word, baie duidelik: met jou hele siel.

- Hy vra alles. Jou hele wese. Jou gedagtes en jou handewerk. Alles.
- Dit is die voorwaarde waarop die Here Moses se gebed verhoor.

Ons moet nou nie maak asof die dinge slegs betrekking het op die Israeliete van Moses se tyd nie. Die Here het dit juis laat openbaar omdat dieselfde eise van toepassing is op alle gelowiges deur die tyd – ook op ons.

Kyk na ons lewens: Ons openbaar ook dikwels 'n gebrek aan vrees vir die Here.

- Dikwels is ons ook nalatig en opstandig teen die Here. Geen mens sal homself byvoorbeeld aan dronkenskap oorgee as die vrees vir God se heiligheid voorop staan in sy lewe nie.
- Geeneen van ons sal traag wees in ons kerkbesoek of in ons meelewing met ander mense as ons 'n gesonde en warm verhouding met God het nie.

Ons is ook in 'n heeltemal ander situasie as die Jode van Deuteronomium 10.

- Hulle het al hulle hoop gevestig op 'n nuwe land en 'n toekoms daar.
- Ons het in 'n sekere sin ook 'n *nuwe land* en 'n *nuwe toekoms* voor ons – as ons daarmee die koninkryk van God bedoel.

Die verskil tussen ons en hulle is dat ons 'n ryk openbaring van God het wat hulle nie gehad het nie.

- Ons het die openbaring van hoe God ons ons sondes vergewe in Jesus Christus.

Ons staan dikwels verstom voor God se genade dat Hy ons *ook dié keer* kan vergewe.

- Elke keer as ons sondig, ontvang Hy ons weer met liefde terug.
- Hy het vir ons die Tien Gebooe volbring – wat juis by die geleentheid van ons teks aan die Israeliete gegee is.
- Hy het al die sondes wat ons teen God bedryf as ons hierdie Tien Gebooe oortree, met God versoen.

Ons kan dus terugkyk en verstaan waarom God se liefde so groot is.

- Hy het sy Seun aan die kruis laat sterf om ons gebroke godsdienslewe met God te versoen.
- Maar ons sien meer as dit – ons sien ook dat ons deur Jesus Christus die krag ontvang om God wel met siel en hart te kan aanbid omdat ons die volle openbaring van verlossing het.
- Daarby het ons God se Woord wat openbaar dat die Heilige Gees oor ons uitgestort is.
 - Die Heilige Gees van God lei ons in alle waarheid – so leer Jesus Christus ons.
 - Hy leer ons om God die Here van harte, met liggaam en siel, te kan dien.

Daarom herhaal Jesus self die eis van Deuteronomium 10 teenoor ons in Matteus 22:37:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, en met jou hele siel, en met jou hele verstand. (Matteus 22:37 AFR53)

Tog is daar 'n merkbare verskil tussen die twee. Het u dit gehoor?

- In die Ou Testament is die vrees voorop.
- In die Nuwe Testament is die liefde voorop.
- Die Israeliete is weer verhoor – *ook dié keer*.

As hulle met 'n “kleiner” openbaring of “minder” van God se openbaring daardie dag kon luister en tot bekering kom – al was dit dan net tot by hulle volgende sonde – dan kan ons dit soveel te meer doen. Veral omdat ons leef in die lig en in die openbaring van Jesus Christus. Kom ons leef en werk en offer met hart en siel vir God en vir sy koninkryk.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 72:6 (p. 361)

- 6 Ek sien al vorste, ryk en magtig, / wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig / Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstoteling, / die wat geen helper het –
die stilverloorne en geringe – / sal Hy verhoor en red.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 6 April 2014
Datum: 30 Maart 2014 Aanddiens Bellville